5 September **Skrifgedeelte: Spreuke 17, 18**
Fokusgedeelte: Spreuke 1:23

God se waarskuwing om betyds te luister

Vanaf Spreuke 1:22 praat God met drie soorte mense: *onkundiges*, *grootpraters* en *swape* wat in hulle *onkunde*, *grootpratery* en *dwaasheid* tot niet sal gaan. Hy het nie behae in hulle verderf en ewige ondergang nie, maar begeer dat hulle hul sal bekeer (Eseg 18:21-23). Die uitnodiging is: Luister na my teregwysing (vers 23a). Dan is daar ook die belofte: Ek gee julle ‘n oorvloed wysheid (vers 23b), Ek leer julle om te begryp (vers 23c). Die onkundiges, grootpraters en swape kan nie doen wat reg en goed is soos God dit verwag nie, want hulle het nie die nodige *kennis* en *begrip* nie. Omdat hulle nie na God luister nie, is hulle so dwaas, onwys en dom. Die oplossing van hulle probleme is: luister na God. As jy na God luister, sy teregwysing ter harte neem en jou inspan om sy weë te volg, sal jy twee kosbare dinge ontvang: wysheid en begrip. Wie na God luister, ontvang seënryke resultate. Spits dus julle ore vir wat God sê. Maak julle harte oop en vra wysheid en begrip. Hoe baie mense sit soos onkundiges, grootpraters en swape vasgevang in hulle eie sondes! Hulle sit met hulle hande in hulle hare en weet nie wat om met al hulle probleme te doen nie. Die huwelikskonflik bereik ‘n kritieke dieptepunt. Die kloof tussen ouers en kinders raak onoorbrugbaar. Die verhouding met my medemense is onbevredigend. Die hantering van my geldsake en die ordening van my dagprogram is chaoties. Dit is asof die hele lewe uit balans raak en ek koers en rigting verloor. In my dwaasheid gryp ek na elke strooihalm en soos 'n swaap soek ek my uitkoms by gebroke mense. God sê dat *lewensverandering* begin daarby *om na God te luister*. Skakel al jou aardsgerigte sensors af en stel jou antenna in op God se golflengte. Alles wat jy kortkom, sal Hy vir jou gee! Hy het raad en hulp vir elke probleem. LUISTER tog net BETYDS!!

Sing: Psalm 119:39 Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)